

3 KINDER- EN STUDENTEJARE (1924-1946)

3.1 Kinderjare

3.1.1 Geboorte en kleutertydperk

Hongarye se neerlaag in die Eerste Wêreldoorlog en verliese tydens die vredesluiting het 'n ekonomiese ineenstorting tot gevolg gehad. Talle nywerhede, wat hoofsaaklik uit die voorsiening van benodighede aan die weermag bestaan gemaak het, het in duie gestort, en die land se natuurlike hulpbronne was uitgeput. Landbouproduksie het geweldig afgeneem en voedseltekorte was aan die orde van die dag. Hierbenewens het inflasie die hoogte ingeskiet en het die koopkrag van geld met meer as die helfte verminder in vergelyking met die vooroorlogse periode. Drastiese en meestal ongewilde maatreëls deur die owerheid, buitelandse lenings en onderwerping aan die finansiële toesig van die Volkebond het egter daartoe gelei dat die ekonomie teen 1924 in 'n groot mate herstel het (vgl Pamlényi 1973:473-476).

Die Christelik-Nasionale na-oorlogse regering van Hongarye, met die Rooms-katolieke Kerk as sy grootste bondgenoot, het die Hongaarse volk in die tyd van heropbou bemoedig deur baie klem te lê op hulle roemryke verlede. Dit het 'n groot oplewing van nasionalisme tot gevolg gehad en die Hervormde Kerk, wat ook die ondersteuning van die staat geniet het, is ook blootgestel aan hierdie versoeking. Die feit dat die staatshoof, Admiraal Horthy, 'n lidmaat van die Hervormde Kerk was, het ook hiertoe bygedra.

The Reformed Church tried to climb into the position of a *second state-church*, in order to enjoy some compensation for the many grievances and losses that had afflicted her in past centuries. Yet, the history of the Hungarian Reformed Church between the two world wars cannot be identified with the chauvinistic trend which insisted upon the cultural superiority of our nation or race.

(Hervormde Kerk van Hongarye 1997:24-25)

In hierdie omstandighede is Kálmán II op 2 Mei 1924, byna elf maande na sy ouers se huweliksbevestiging, as die eerste van drie kinders in die pastorie van die Hervormde Gemeente Mándok gebore. 'n Uittreksel uit die geboorteregister van Mándok, wat op 15 Junie 1934 uitgereik is, bevestig dat die geboorte op 3 Mei 1924 deur sy vader aangemeld en deur István Fazekas, registrateur van geboortes, geregistreer is (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Sy broer Zoltán en suster Katalin is onderskeidelik op 14 Maart 1928 en 24 Maart 1931 in dieselfde huis gebore. Daar was nie 'n hospitaal op die dorp nie en die dokter het die bevallings tuis behartig.

Die pastorie waarin Kálmán II gebore is, was in dieselfde straat as die kerkgebou, direk daarteenoor geleë. Dit was 'n groot enkelverdieping huis wat nie oor elektrisiteit, spoelriolering of lopende water beskik het nie. Water vir huishoudelike gebruik moes uit 'n put op die erf geskep word en is in die kombuis warm gemaak op 'n stoof wat hoofsaaklik met hout gebrand het. Vir baddoeleindes moes warm water met potte na die badkamer aangedra word. Die huis het slegs oor 'n buitetoilet beskik. Kerse en paraffienlampe is gebruik om saans lig te verskaf en 'n houtvuur in 'n groot kaggel in die familiekamer het die huis in die wintermaande verwarm. Bederfbare items is in die somer koel gehou in koelkaste of ondergrondse kelders. Dieselfde kelders is ook gebruik om items in die winter te beskerm teen die koue. Vrugte en ertappels is byvoorbeeld in die herfs daar gestoor, alhoewel ertappels meer dikwels in droë sand in gate onder die grond begrawe is. Baie huishoudings het ook oor hulle eie yskelders beskik. Wanneer die riviere in die winter gevries was, is blokke ys uitgebreek en tussen lae strooi onder die grond in 'n gat gepak. Daarna is dit goed geïsoleer en met grond bedek. In die somer het hierdie yskelders 'n huishouding vir maande van ys voorsien wat onder andere vir die vervaardiging van roomys gebruik is. Die ys, met sout bestrooi, is rondom 'n koperskottel vol melk en room in 'n houer gepak. Die melk en room is met vrugtesappe, sjokolade en geurmiddels gemeng en geklits totdat dit roomys geword het. Roomys was in Kálmán II se kinderjare nie te koop nie.

'n Ander lekkerny vir die kinders was gerookte spek wat in blokkies gesny en saam met uie op 'n spit ingeryg en oor die kole van 'n houtvuur gebraai is. Die vet is gedurende die braaiproses op varsgebakte brood gedrup

en as voorgereg geëet terwyl die spek gaar geword het. Omdat die varke in Hongarye met mielies en ertappels gevoer word, is die spek van hoogstaande gehalte. Hulle is in die reël in die winter net voor Kersfees geslag - 'n gebeurtenis waarna die kinders baie uitgesien het. Vark is destyds doodgemaak deur hulle van onder af met 'n enkele messteek direk in die hart te steek. Die bloed is opgevang vir bloedwors, waarna die vark met strooi bedek en aan die brand gestee is om van die hare onslae te raak. Die kinders het altyd met groot angstigheid gewag vir stukkie van die stert en ore, wat tydens hierdie proses gaar geword het. Daarna is die vark deur die mans met messe geskraap en deur die vrouens met kookwater skoongeskrop.

Die gemeenskap van Mándok het grotendeels uit boere bestaan wat hoofsaaklik met graangewasse (mielies en koring), ertappels, vrugte (veral duiwe), vee (beeste, varke en in 'n mindere mate skape en bokke) en pluimvee (hoenders, ganse en eende) geboer het. Daar is redelik intensief geboer op plasies rondom die dorp waarvan die gemiddelde grootte ongeveer 4/5 morg was. Die boere het nie op hulle plase gewoon nie, maar in die dorp. Hierdie verskynsel het sy ontstaan te wyte aan die talle oorloë waarin die Hongare deur die loop van eeue gewikkel was. Om veiligheidsredes het die mense in dorpe rondom die kerkgebou, wat as vesting kon dien, gaan woon en daagliks uitgegaan na hulle plasies buitekant die dorp. Selfs die vee is soggens vanaf die dorpshuis uitgejaag om te gaan wei en saans met melktyd weer teruggejaag, en oeste is ingebring na die erwe in die dorp. Die woonerwe in die dorp het vir hierdie doel oor hulle eie krale, stalle, skure en wynkelders beskik. Dit was net die groot grondbesitters wat in veilige kastele op hulle plase kon woon. Die vroue en voorskoolse kinders het elke dag uitgegaan na die plasies waar die vroue intensief betrokke was by die boerdery. Die welgesteldes het egter van hulle eie arbeiders en bediendes gebruik gemaak.

Plattelandse gemeentes het gewoonlik 'n aantal plasies besit wat by wyse van erflatings deur veral kinderlose egpare, maar ook by wyse van skenkings deur die staat en welgestelde lidmate, in besit van die gemeente gekom het. Ook in Suid-Afrika is hierdie praktyk nie onbekend nie. Lidmate laat nou nog, al is dit slegs in uitsonderlike gevalle, soms iets vir die kerk na.

In die verlede was skenkings deur die staat of 'n plaaslike owerheid egter 'n algemene verskynsel. President Paul Kruger het byvoorbeeld vir baie gemeentes grond geskenk, onder andere die erwe waarop die kerkgebou van die Gemeente Krugersdorp van die Nederduitsch Hervormde Kerk nou nog staan (vgl Papp, K 1991:14). In Hongarye het sommige lidmate hulle hele boedel aan die kerk bemaak as 'n laaste offergawe. Sommige welgesteldes het selfs die oprigtingskoste van 'n hele kerkgebou gedra. In Mándok het Kálmán I se versorgingsvoordele onder andere die opbrengs van 'n saai- en 'n druiweplaas ingesluit. Hy het die plaas egter nie self benut nie, maar deur minder gegoede lidmate van sy gemeente laat bewerk vir 'n deel van die oes.

Gemeenskaplike sake is destyds in Mándok deur 'n verkose dorpsraad, wat voltydse amptenare in diens gehad het, gereël. Die burgemeester, wat direk vertaal eerder die *hoofrigter* genoem moet word, het aan die stuur van sake gestaan. Dit was die onderburgemeester of *kleinrigter* se taak om periodiek aankondigings op 'n sentrale plek in die dorp te doen. Die inwoners is nadergeroep met slae van 'n drom wat om sy nek gehang het. Die datums van veeveilings is onder andere op hierdie wyse bekend gemaak. Daar moet in gedagte gehou word dat daar in dié tyd geen koerante te koop was nie en dat radio's, wat nog met loodsuur batterye gewerk het, baie skaars was.

Gedurende sy kleuterjare het Kálmán II 'n naburige Joodse dogtertjie as speelmaat gehad. Hulle vriendskap was egter van korte duur aangesien haar ouers op 'n dag verneem het dat hy aan haar gerookte varkspek gegee het om te eet. Vars tuisgebakte brood met gerookte spek en groenrissie was nog altyd 'n gunsteling gereg van die Hongare. Die kinders het behalwe vir ontbyt en gekookte middag- en aandetes, in die oggend om 10:00 gewoonlik 'n stukkie vars brood met heuning, tuisgemaakte pruim- of appelkooskonfyt of gerookte spek, en smiddae om 16:00 vrugte te ete gekry. In die somer het hulle baie vars melk gedrink en in die winter warm melk met kakao. Koffie en tee is baie selde gedrink. Dikmelk van volroom plaasmelk, was destyds baie geliefd. Hiervoor het Kálmán II sy lewe lank 'n besondere voorliefde gehad. Hy sou dit selfs bo 'n sappige biefstuk verkies.

Die drastiese maatreëls wat deur die owerheid in werking gestel is om die Hongaarse ekonomie te herstel, het in die tweede helfte van die

derde dekade van die twintigste eeu geleidelik tot groot weerstand en verset onder die werkersklas gelei omdat hulle lewensomstandighede nie sigbaar verbeter het nie. Dit het 'n teelaarde geskep vir die ontwikkeling van 'n aantal rewolusionêre arbeidersbewegings, die herlewing van die Kommunistiese Party en die stigting van die Sosialistiese Arbeidersparty in 1925. Die owerheid het hierdie bewegings egter met mag en mening onderdruk, in so 'n mate dat die Arbeidersparty in 1928 ontbind en die Kommunistiese Party ondergronds gegaan het (vgl Pamlényi 1973:482-483).

Die ineenstorting van die New Yorkse Effektebeurs in Oktober 1929, het egter die einde van die tydelike oplewing in die ganse wêreld ekonomie ingelui en ook sy letsels op Hongarye gelaat:

In Hungary, the economy which was gradually stabilizing after the First World War, relied essentially on two factors: the slow increase in industrial production, and the influx of foreign capital. The crisis shook these two pillars in their foundations. Industrial production dropped by 24 percent, one-seventh of the factories ceased to operate, and nearly a third of the industrial workers lost their jobs.

(Pamlényi 1973:484)

Die buitelandse leningskuld van Hongarye het intussen tot bykans \$1,000 miljoen toegeneem en toe die Duitse en Oostenrykse bankwese ineenstort, is buitelandse lenings een vir een teruggeroep:

... within a few months it became evident that the country's currency reserves were not sufficient to meet the claims from abroad. The largest credit institution, the Hungarian General Credit Bank, found itself on the verge of bankruptcy, and even the position of the National Bank was shaken.

(Pamlényi 1973:484)

Hongarye het homself gevolglik onverwags in een van die grootste depressies in sy geskiedenis bevind. Die impak daarvan was die ergste in die landbousector:

Oversupply of goods and commodities between 1929 and 1933 led to big falls in prices: compared with the second half of the 1920s, the drop in the wholesale prices for wheat plummeted close to 70%, those for vegetable crops by over 50%, and those for livestock by approaching 50%.

(Romsics 1999:139)

3.1.2 Laerskooltydperk

In die voorafgenoemde klimaat het Kálmán II in 1930 op sesjarige ouderdom sy laerskoolopleiding van vier jaar aan die Hervormde Laerskool, wat direk langs die pastorie geleë was, begin. Benewens die akademiese vakke het musiek en sang 'n prominente plek in die kurrikulum beklee. Sport het nie veel aandag gekry nie en formele kompetisies tussen skole het destyds ook nie bestaan nie. Kinderspeletjies wat baie gewild was, was 'n spel wat baie laat dink aan ons eie kennetjie, asook allerhande speletjies wat met sang en musiek gepaard gegaan het. Onder die seuns was pyl-en-boog en rekkerskiet baie gewild. Kálmán II het 'n paar mak uile aangehou en moes gereeld vir hulle mossies skiet met sy rekker.

In die winter is daar baie gelees en musiek gemaak. Kálmán II se ouers het 'n traporrel, twee viole, tjello en *simbalom* besit. Hy het vroeg al op gehoor traporrel en viool begin speel. Die traporrel en strykinstrumente is veral deur Kálmán I bespeel en die *simbalom* deur sy vrou. Laasgenoemde instrument is buite Hongarye nie baie bekend nie. Dit word soos volg in die Afrikaanse Verklarende Musiekwoordeboek beskryf:

Groot dulsimer of hakkebord deur die Hongaarse sigeuners in sigeunerorkeste en ook in dansorkeste gebruik. Daar is twee soorte Hongaarse dulsimers : 'n klein instrument soort-

gelyk aan die Midde-Oosterse *santur* en 'n groter instrument met 'n groot resonanskas en op pote gemonteer. Metaal-snare wat in metaalkore van drie of vier gerangskik is, is chromaties ingestem en gaan oor afsonderlike kamme. Die dempers word deur pedale beheer. Die eenaardige klanke van die *simbalom* word o.a. in Liszt se *Hongaarse rapsodie* no. 11 nageboots (*quasi Zimbalo*) en ook in orkeswerke deur Strawinski [*Les noces (Die huwelik)*, 1923], Kodály [*Háry János-suite* (1926)] en Bartók gebruik.

(Van Blerk 1994:367)

Volgens Kálmán II was sy ouers se *simbalom* 'n pragtige meubelstuk. Dit is volgens sy broer Zoltán gedurende die Tweede Wêreldoorlog verkoop. Die tjello het tydens die oorlog verlore geraak. Die gesin het op daardie stadium naby die spoorwegstasie in die stad Miskolc gewoon en dié deel van die stad is tydens die oorlog byna geheel-en-al deur lugaanvalle verwoes. Die ganse biblioteek van Kálmán I het in die slag gebly, onder andere die handgeskrewe perkamentgebonde boeke van sy vader, die adellike familiewapen van die Bogdányi's asook die twee viole wat Kálmán II by sy vader geërf het.

Kálmán I se grootste stokperdjie was sy byeboerdery. Hy het 'n aparte gebou in die agterplaas daarvoor ingerig waarin hy twintig byekorwe aangehou het. Kálmán II het sy vader dikwels gehelp om die bye uit te rook, die rame uit te haal en die heuning uit te waai. Na Kálmán I se dood het sy vrou die korwe aan 'n familielid geskenk wat hulle vir nog baie jare daarna van heuning voorsien het. Kálmán I het ook 'n konynboerdery bedryf, hoofsaaklik vir huishoudelike gebruik.

Kálmán II se bekende voorliefde vir houtwerk het reeds in sy kinderjare ontstaan. Sy vader het een van sy ouderlinge, Péter Makkai, wat 'n kabinetmaker was, gevra om vir hom 'n boekrak te maak en Kálmán II is toegelaat om by te staan. Die vaardigheid waarmee hy die hout gesaag en geskaaf het en die klank van die skaaf en geur van die skaafsels het 'n blywende indruk op hom gemaak.

Die Hervormde Kerk van Hongarye het gedurende die tyd tussen die twee wêreldoorloë ywerig met sy werk voortgegaan en aansienlike vordering gemaak. 'n Nuwe Hervormde Liturgiehandleiding is in 1931 voltooi en 'n nuwe Kerkorde het in 1934 van krag geword. Ook op die gebied van die teologie was daar ontwikkeling:

After World War I new trends replaced liberal theology. Under the influence of Dutch Reformed theologians, so-called historical Calvinism was the first to develop educational activities by producing a strong Reformed self-confidence and sense of duty. The Calvinist heritage was also attested to by other trends: for example, by so-called ecclesiastical Calvinism, which concentrated on congregational activity, rather than on the work done by associations. Dialectical theology, which had effected a decisive change in European theology, was not unknown either in our Church in the inter-war period. It had especially enthusiastic adherents amongst professors of theology and scholarship holders who had studied abroad, but their influence could only be felt in the life of the Church in the generation after World War II.

(Hervormde Kerk van Hongarye 1997:25)

Gedurende Mei 1934, aan die einde van Kálmán II se laaste laerskooljaar, het sy vader ernstig siek geword ná 'n mangeloperasie. Hy het volgens oorerfing 'n tipe suikersiekte onder lede gehad wat tot gevolg gehad het dat hy baie bloed verloor het en die wonde nie wou genees nie. Vir 'n paar weke is hy in 'n nabygeleë dorp gehospitaliseer vir behandeling.

In hierdie tyd het Kálmán II 'n angswekkende ervaring gehad. Hy was besig om in die agterplaas pyl-en-boog te skiet met 'n selfvervaardigde houtboog en rietpyle met spykerpunte. Die gesin se huisbediende, Rószsa, het by die huis uitgekom om matte uit te klop en Kálmán II begin terg omdat hy so sleg skiet. Hy het toe besluit om haar skrik te maak deur 'n pyl voor haar

gesig verby te skiet. Toe hy die boog span het sy geskrik en haar kop weggedraai. Hy het egter laat los en die pyl, wat maar effens krom was, het haar skrams op die elmboog getref en daarna haar wang deurboor. Sy het die pyl dadelik probeer uittrek, maar dit wou nie skiet gee nie. Sy het toe dadelik by Kálmán II se moeder hulp gaan soek. Juis op daardie oomblik het een van Kálmán I se kollegas, dominee Sándor Szoboszlai van Tisza-mogyorós, toevallig daar aangekom om na die gesin se welstand te verneem. Hy was 'n klein maar stewiggeboude man en een van maar net 'n paar wat hulle gevangenskap in Rusland tydens die Eerste Wêreldoorlog oorleef het. Kálmán II se moeder het dadelik sy hulp ingeroep en hy het besluit dat die boosdoener reggesien moes word. Kálmán II het die dreigende dominee egter sien aankom en na die stal toe gevlug en die dubbeldeure agter hom toegemaak. Deur die skrefie tussen die deure het hy oom Sándor sien naderkom en besef dat hy in groot moeilikheid was. Hy het toe besluit om tot die verdediging oor te gaan deur sy boog te span en 'n pyl deur die skrefie van die staldeure op hom te rig met die waarskuwing dat hy nie sal huiwer om te skiet as hy nader sou kom nie. Die man wat die Russe oorleef het moes toe maar die aftog blaas. Dit was een van Kálmán II se grootste kinderervarings.

Die ekonomiese omstandighede in Hongarye het geleidelik verbeter toe die terugbetaling van oorlogskulde in 1932 kragtens 'n internasionale ooreenkoms opgeskort is en lande met buitelandse skuld in 1933 verligting ontvang het ten opsigte van rentekoerse vir buitelandse skuld en die terugbetalingstermyne van lenings (vgl Romsics 1999:140). Hongarye het in hierdie tyd ook daarin geslaag om 'n aantal handelsooreenkomste met Duitsland, Italië en Oostenryk te sluit en sodoende goeie uitvoermarkte vir sy landbouprodukte bekom. Die ontdekking van gasvelde in 1930 het ook bygedra tot 'n oplewing in die chemiese nywerheidssektor (vgl Romsics 1999:142). Toe Kálmán II sy laerskoolopleiding in Junie 1934 voltooi het, was die lewensomstandighede in Hongarye dus aansienlik beter as toe hy skool toe is.

3.1.3 Hoërskooltydperk

Omdat daar nie 'n hoërskool in Mándok was nie, stuur Kálmán II se ouers hom in die tweede helfte van 1934 na die stad Miskolc, ongeveer 100 km

suid-wes van Mándok. Dit was destyds en is vandag steeds, naas die hoofstad Budapest, die grootste stad in Hongarye. Hier sou hy vir agt jaar lank aan die Lévai József Hervormde Gimnasium, waarin slegs seuns skoolgegaan het, sy hoërskoolopleiding ontvang. 'n Matrieksertifikaat van 'n gimnasium was destyds 'n voorwaarde vir toelating tot 'n universiteit. Daar was ook 'n Hervormde gimnasium vir meisies in Miskolc, asook Roomse-, handels- en tegniese skole.

Kálmán II woon in Miskolc in by sy weduweegrootmoeder aan moederskant, Mária Bogdányi. Sy grootvader, József Bogdányi, is reeds in 1926 oorlede toe Kálmán II maar twee jaar oud was. Hy het nooit een van sy grootvaders persoonlik geken nie.

Nadat Kálmán I uit die hospitaal ontslaan is, is hy verder tuis verpleeg, maar hy het nooit herstel nie. Op 28 September 1934 word Kálmán II deur die skoolhoof uit sy klas geroep en meegedeel dat sy vader oorlede is. Sy moeder was slegs een-en-dertig, hyself tien, sy boetie ses en sy sussie drie jaar oud. Hy is dadelik Mándok toe en was teenwoordig toe sy vader in die pastorie uitgelê en gekis is. Die begrafnisbrief, wat op die dag van Kálmán I se dood uitgereik is, lui soos volg:

Ondergetekendes in hulle eie en in die naam van die familie,
maak met van droefheid gebroke hart, maar berustend in
God se beskikking, bekend dat ons beste kind, eggenoot,
vader, broer en familielid

Papp Kálmán

Herv. predikant van Mándok

in sy 41ste lewensjaar na 'n gelukkige huwelik van elf jaar en
'n lang lyding op die 28ste om half-9 sy edel siel aan sy
Skepper teruggegee het. Volgens die gebruik van die
Hervormde Kerk sal ons op die 30ste om 3-uur sy stoflike
oorskot in sy ewige rusplek neerlê.

Mándok, 1934. September 28.

'Jou nagedagtenis sal tot in ewigheid in ons lewend bly'.

Weduwee Papp Dániel, Kis Julia	moeder
Weduwee Papp Kálmán, Bogdányi Mária	eggenote
Kálmán, Zolika, Katica	kinders
Papp Dezső en familie	halfbroer
Papp Lajos en familie	halfbroer
Papp Mária	halfsuster
Weduwee Bogdányi József	skoonmoeder
Bogdányi László	swaer
Kiss [sic] Gyula	oom

(NHK Argief K2 5/4 Deel 3)

Een van die hoë kerklike ampsdraers of een van die buurpredikante, Ferenc Porzsolt van Eperjeske of Sándor Szoboszlai van Tiszamogyorós, het waarskynlik die roudiens geleë. Kálmán I se oorskot is deur ouderlinge van die gemeente op hulle skouers na die begraafplaas, wat ongeveer 1 km van die kerkgebou af geleë was, gedra (vgl Papp, K 1991:67). Hulle het mekaar onderweg daarheen afgelos. Die gesin, familie en gemeente het hulle in die stoet gevolg. Dit was destyds 'n eerbewys om 'n kis na die begraafplaas te dra en te voet daarheen te stap. Dit sou uiters oneerbiedig wees om 'n kis met 'n perdekar te vervoer of vir die roubeklaers om met 'n koets daarheen te ry. Die begraafplaas waarin Kálmán I begrawe is, het onder die sorg van die gemeente gestaan. As jong predikant het hy in dieselfde begraafplaas 'n aantal bome geplant waarvan daar later nuwe banke vir die kerkgebou van Mándok vervaardig is. Kálmán I is later in die begraafplaas langs die ou kerkgebou van Miskolc herbegrawe (vgl Papp, K 1991:67).

Na Kálmán I se dood het sy moeder, sy vrou, en Zoltán en Katalin ook by sy skoonmoeder in haar huis op Miskolc ingetrek. Die drie kinders is hier verder deur hulle moeder en twee grootmoeders versorg.

Die kinders moes skool toe stap aangesien hulle nie naby 'n bus- of trêmoete gewoon het nie. Dit was ongeveer 15 minute se stap. In die winter moes hulle dikwels eers die sneeu van die voetpaadjie na die straat en van die sypaadjie met skopgrawe verwyder voordat hulle skool toe kon gaan.

Elkeen moes sorg dat die sypaadjie voor sy eie huis skoon is. Soms was die sneeu so dik dat hulle nie eers die voorhekkie kon oopmaak nie en soms was dit so koud dat hulle eers die suiers van die handpomp, waarmee die boorgat op die woonerf toegerus was, moes ontys met warm water of vuur voordat water gepomp kon word.

Amptelike skooldrag het destyds nie in Hongarye bestaan nie. Die onderwysers aan die Lévai József Hervormde Gimnasium was almal mans en daar was geen keusevakke nie. Leerlinge het onderrig ontvang in vier tale: Hongaars, Latyn, Duits en Engels. Die kurrikulum het verder uit Geskiedenis, Aardrykskunde, Volkekunde, Dogmatiek en Etiek, Filosofie, Uitvoerende Kuns, Natuurwetenskap, Wiskunde en Biologie bestaan. Kálmán II se geliefde vakke was Geskiedenis en Natuurwetenskap, in die besonder Skeikunde.

Benewens onderrig in die sing van psalms en gesange is daar gedurende amptelike skoolure ook koor geoefen en musiekteorie, -geskiedenis en -tegniek bestudeer. Kálmán II het in hierdie jare sy eerste formele musiekonderrig ontvang. Hy was lid van die skoolkoor en het viool gespeel in die skool se strykkorkes. Die musiekonderwyser het hom met 'n aanbod van gratis naskoolse lesse omgepraat om ook in altviool afgerig te word aangesien hy met 'n strykkwartet wou begin. Hierdie strykkwartet het dikwels by geleentehede soos die viering van Hervormingsdag en ander kerklike feesdae asook tydens nasionale feeste opgetree. Hulle het gewoonlik saam met die skoolkoor asook die koor van die meisieskool in die nabygeleë kerkgebou opgetree - die seunskoor op een galery en die meisieskoor op die ander. Tydens byeenkomste van vakverenigings of -kringe, waar Kálmán II ook deelgeneem het aan debatte en besprekings, moes hy dikwels viool speel. Hulle het nie deelgeneem aan volksdansen of toneelopvoerings nie.

Die musiekonderwyser was gelyktydig ook orrelis van die gemeente. In die winter was dit soms só koud in die kerkgebou dat hy die orrel om die beurt met net een hand kon bespeel. Die ander hand moes hy in sy mond hou sodat sy vingers kon ontdooi. Hier het Kálmán II ook sy eerste ervaring met die orrel gehad. Die orrelis het hartprobleme opgedoen en Kálmán II moes hom vir ongeveer twee maande as orrelis aflos. Sonder enige formele orrelopleiding en met slegs 'n geringe ervaring met die traporrel, moes hy die

voor- en naspele doen en die gemeentesang tydens eredienste begelei. Hy het die psalms en gesange gelukkig uit die kop geken maar kon net met sy hande speel - die voetpedale was vir hom onbekend. Sy maats het hom dikwels aangepor om populêre melodieë tydens die voorspele te speel en hy het dit in allerhande variasies verwerk sonder dat hy ooit daarvoor oor die vingers getik is.

Toe gerugte van die Tweede Wêreldoorlog in Hongarye die rondte begin doen het, is daar begin met die basiese opleiding van skoolkadette om hulle vir 'n moontlike oorlog voor te berei. Kálmán II het in die simfonie-orkes van die kadette gespeel en dit het hom vrygestel van driloefeninge. Dekades later het hy, tydens die samestelling van 'n video-opname vir die familie in Hongarye, die *Huldigungsmars* van Grieg, wat hulle in dié orkes gespeel het, as inleidingsmusiek gebruik.

Kuns was ook 'n volwaardige en verpligte vak op hoërskool. Leerlinge het basiese onderrig ontvang in teken- en skildertegniese met pastelkryt en waterverf, en kunsgeskiedenis is ook behandel. Kálmán II se kunsonderwyser was 'n bekende pastelskilder wat sy werke dikwels uitgestal het en sy leerlinge gereeld na kunsuitstallings geneem waar hy elke kunswerk in detail met hulle bespreek het. Hy het hulle geleer om met vloeiende bewegings kubusse, drie-dimensionele figure en reguit lyne met die hand te teken. Hy was geweldig streng. As 'n leerling 'n liniaal by die klas ingebring het, is dit by die venster uitgegooi, en indien 'n leerling met 'n uitveër in sy besit betrap is, is hy aan sy ore gegryp en met uitveër en al by die deur uitgesmyt.

Die godsdiensonderwysers was, uitgesonderd die onderwysers wat oor doktorsgrade beskik het, die beste gekwalifiseer - selfs beter as die predikante. Hulle moes die volle teologiese opleiding van vyf jaar en daarna nog twee jaar onderwysopleiding deurloop. Kálmán II se godsdiensonderwyser, Gyözö Balázs, wat ook 'n digter was, het saam met Kálmán I sy teologiese opleiding ontvang. Aangesien daar 'n groot wedywering tussen die Hervormde-, Rooms-katolieke- en staatskole bestaan het, het die kerk toegesien dat die onderwysers aan die kerkskole baie goed opgelei was - talle van hulle het doktorsgrade gehad. Dit het tot gevolg gehad dat die Hervormde kerkskole daarvoor bekend was dat hulle onderrig van die

hoogste gehalte was. Daar was selfs Jode wat die Hervormde skole as gevolg hiervan bo die ander skole verkies het. Hulle was uiteraard vrygestel van godsdienstklasse, maar baie het dit tog bygewoon omdat die onderwysers sulke hoogs ontwikkelde persone was.

Omdat die Hervormde skole deur die kerk beheer is, het dit sekere take namens die kerk verrig soos byvoorbeeld die kategese. Hierdie onderrig is deur die godsdienstonderwysers waargeneem - nie die predikante nie. Leerlinge is onderrig in Bybelse geskiedenis, kerkgeskiedenis, die belydenisskrifte en kerksang. Laasgenoemde is intensief onderrig en die meeste leerlinge het die melodieë en tekste van al die psalms en gesange geken.

Omdat Kálmán II as kind fisies nie baie sterk was nie en aan bloedarmoede gely het, het hy benewens verpligte deelname aan atletiek en gimnastiek gedurende skooltyd en vrywillige naskoolse afrigting in skerm, nie baie aktief aan sport deelgeneem nie. Skyfskiet met die .22 kaliber geweer was die enigste sportsoort waaraan hy homself heelhartig toegewy het en waarin hy ook groot welslae behaal het. Daar is geen beperking geplaas op die hoeveelheid ammunisie wat lede van die skool se skietspan nodig gehad het. Die enigste voorwaarde was dat hulle telkens die leë doppies ná oefeninge moes inhandig. Sy vermoë om goed te kan skiet, was vir Kálmán II gedurende die latere oorlog 'n onmisbare vaardigheid.

Kálmán II het sy liefde vir skyfskiet asook sy eerste opleiding daarin ontvang by die vader van sy enigste *de facto* vriend op skool, Gyula Kolláth. Kálmán II en Gyula het al die skietkompetisies op skool oorheers. Gyula se vader was hoof van 'n laerskool. Hy en sy vrou het drie kinders gehad: Gyula, wat Kálmán II se ouderdom was, Zoltán, wat so oud soos Kálmán II se broer Zoltán was, en Erzsébet, wat 'n jaar ouer as Kálmán II se suster Katalin was. Kálmán II het 'n baie hegte band met die Kolláths gehad en soms meer tyd by hulle deurgebring as tuis. Daar moet in gedagte gehou word dat hy en sy broer en suster vanaf sy tiende jaar deur 'n moeder en twee grootmoeders grootgemaak is - daar was nie 'n man in die huis nie. Die Kolláths was hierteenoor 'n volledige gesin. Kálmán II het baie naweke by hulle deurgebring en dan is daar saam geteken, geskilder en musiek gemaak. Erzsébet, of Bogyó (Bessie), soos sy ook genoem is, het Kálmán II gewoonlik met die

klavier begelei wanneer hy viool gespeel het. Gyula en Kálmán II het vir 'n aantal jare kontak verloor toe Gyula ná skool aan 'n ingenieursuniversiteit in Budapest argitektuur gaan studeer het.

Op hoërskool het Kálmán II ook aangesluit by die Padvindersbeweging, 'n jeugorganisasie wat dit ten doel het om van jong seuns goeie landsburgers te maak. Hierdie beweging is aan die begin van die twintigste eeu in Engeland deur Lord Robert Baden-Powell gestig, wat as die verdediger van Mafeking bekend gestaan het tydens die Tweede Vryheidsoorlog van die Boere teen Brittanje (vgl Pretorius 1998:15). Baden-Powell het later 'n soortgelyke beweging vir dogters op die been gebring. Gedurende somervakansies het die Padvinders gewoonlik vir twee of drie weke in die platteland of by die Balatonmeer in tente gaan uitkamp. Tydens sulke kampe het die seuns allerhande praktiese vaardighede aangeleer soos om die kompas, messe, byle en gewere te hanteer en te gebruik, spoor te sny, kaart te lees, skuilplekke op te rig en te verdedig, vyande te bekruip, te swem, te roei, te seil, die voël- en dierelewe en naggeluide te leer ken en kos te maak. Vir 'n stadskind, veral een wat sonder 'n vader grootgeword het, was hierdie kampe telkens 'n onvergeetlike ervaring. Baie van die vaardighede wat Kálmán II by die Padvinders aangeleer het, was later in sy lewe vir hom van groot waarde.

Die hoërskool het ook 'n stokperdjiesentrum gehad wat onder andere oor 'n internasionale kortgolf radiosender beskik het en deur die Padvinders beman is. Daarmee kon hulle met buitelandse Padvindergroepe kontak maak. Vir hierdie doel moes die Padvinders morsekode aanleer en selfs eksamen daarin aflê. By die stokperdjiesentrum het hulle ook geleer hoe om lood te giet. Hulle het allerhande figure soos soldate en ruiters gemaak wat met verf beskilder is en waarmee daar heerlik gespeel is. Kálmán II en sy broer het ook hulle eie katapulte, kanonne, en vuurwapens wat met buskruit gewerk het en met lont of warmgemaakte spykers afgevuur is, gemaak. Daarmee het hulle mekaar se loodsoldaatjies, brûe en vestings wat in die tuin opgerig was bestook. Met hierdie oorlogspeletjies is die geskiedkundige oorloë van baie jare, veral dié teen die Turke, herleef.

Kálmán II se moeder was ook een van drie kinders. Haar suster Gizella is vroeg op negejarige ouderdom aan witseerkeel oorlede. Haar broer,

Lászlo, wat 'n baie groot patriot was, was onderwyser in die stad Kecskemét. Hy het gedurende skoolvakansies dikwels by sy suster op Miskolc kom kuier en by Kálmán II en sy broer 'n liefde gekweek vir die tradisionele volksliedjies wat deur die komponiste Bartók en Kodály as eg Hongaarse volksmusiek versamel is. Vir elke nuwe liedjie wat hulle vir hom kon sing het hy hulle iets betaal, met die gevolg dat hulle sommige volksliederebundels in die geheel geken het. Lászlo is eers getroud toe Kálmán II al sy ouerhuis verlaat het. Sy vrou Ica - ook 'n onderwyser - was die enigste kind van 'n goeie vriendin van Kálmán II se grootmoeder aan moederskant. Sy was 'n uiters aantreklike en gekultiveerde vrou wat saam met haar weduweemoeder naby Kálmán II se grootmoeder in Miskolc gebly het. Hulle het twee kinders gehad, 'n seun, Csaba, en 'n dogter, Sárika, wat Kálmán II as kleuters geken het. Wat haar voorkoms betref, kom Sárika baie ooreen met Kálmán II se moeder.

Tydens vakansies is daar ook dikwels by familie of vriende op die platteland gekuier. Die meeste vakansies is deurgebring by ds Béla Gyarmati en sy gesin in Sajókerezstúr. Hier is daar perdgery, visgevang en met die .22 geweer eende, bleshoenders en visse geskiet. Die water van die rivier was kristalhelder en mens kon die visse sien swem. Hierdie deel van Hongarye is as gevolg van sy geografiese ligging gedurende die reënseisoen baie blootgestel aan oorstromings. In 1838 het selfs die Donaurivier sy walle oorstroom en 'n groot deel van Budapest was onder water. Die Hongaarse komponis Frans Liszt het kort daarna 'n groot konserttoer onderneem ter ondersteuning van die slagoffers van hierdie oorstromings waarin duisende mense hulle lewens verloor het. Dyke is later gebou om die dorpe en stede teen die oorstromings te beskerm en elke dorp het sy dyke noukeurig laat bewaak deur permanente wagte wat selfs deur die loop van die nag met fakkels op die uitkyk moes wees vir lekplekke en saboteurs van ander dorpe wat dit kon beskadig om die moontlike oorstroming van hulle eie dorpe te voorkom. As kind het Kálmán II baie op hierdie dyke gespeel.

Kálmán II het ook enkele skoolvakansies deurgebring in Debrecen by Kálmán I se halfsuster, Mariska, aangenome dogter van die Szent-Királyi's, en hulle peetkind, Marcsika Bódogh. Marcsika was volgens oorlewering verlief op Kálmán I toe hy student in Debrecen was. Sy het nooit getrou nie en

het ná Kálmán I se dood besondere sorg teenoor Kálmán II geopenbaar, miskien as gevolg van haar destydse liefde vir sy vader. Wanneer Kálmán II Debrecen toe gegaan het vir 'n vakansie, het sy gewoonlik 'n hele program vir hom uitgewerk. Sy het geweldig baie gedoen vir sy kulturele ontwikkeling en hom onder andere in aanraking gebring met die boeke van Karl May en ander kinderlektuur van daardie tyd. Kálmán I én II het dus 'n besondere band met hierdie twee vroue gehad. Mariska was ook Kálmán II se peetma en het met elke verjaardag aan hom 'n geskenkie gestuur. In Hongarye het 'n peetpa en -ma baie groter verantwoordelikhede as in Suid-Afrika. Hulle het lewenslank baie intieme kontak met hulle peetkinders.

Behalwe vir sy tante Mariska, het Kálmán II nie baie kontak gehad met die res van sy familie aan vaderskant nie. Hy het egter wel vir Károly Papp, seun uit Kálmán I se vader se eerste huwelik, en sy gesin ontmoet. Károly se dogter Juliska was op 'n keer by hulle in Mándok op vakansie. Sy was 'n jaar ouer as Kálmán II en het later, tydens die Rewolusie van 1956, saam met haar man, Gustáv Gallasz, na Suid-Afrika geëmigreer om sy enigste familie in Suid-Afrika te word. Hulle het geen kinders gehad nie. Kálmán III het as kind dikwels vir 'n paar dae tydens skoolvakansies by hulle gaan kuier in Sandton, waar hulle onderskeidelik as plaas- en fabrieksbestuurders in diens was van Silver Stream Mushrooms.

Kálmán II het nooit 'n meisie op skool gehad nie, alhoewel hy baie lief was vir Erzsébet (Bogyó), die sussie van sy boesemvriend Gyula Kolláth. Sy was egter ses jaar jonger as hy en hulle het eerder 'n broer/suster verhouding gehad.

Tydens Kálmán II se hoërskooljare het daar 'n opwelling van 'n baie sterk nasionalisme in Hongarye ontstaan wat saamgeval het met die opkoms van Adolf Hitler in Duitsland en die nasionaal-sosialistiese bewegings in Hongarye. Daar is opnuut besef dat Hongarye na die Eerste Wêreldoorlog byna driekwart van sy grondgebied moes afstaan. Die Hongare het geglo dat Hitler se opkoms tot hulle voordeel was, aangesien Duitsland self aansienlike skade onder die Vredesverdrag van Versailles (1919) gely het. Omdat 'n situasie ontstaan het waarin Hongarye sou moes kies in die geval van 'n botsing, het dit duidelik begin word dat hy hom aan die kant van Duitsland

sou moes skaar. Hongarye se voorwaarde om Hitler se kant te kies was dat daar druk op die buurvolkere uitgeoefen moes word sodat Hongarye sy voor-malige grondgebied kon terugkry. Die tersaaklike lande was in elk geval slawiese lande wat, in die geval van 'n botsing met Rusland, vanselfsprekend aan hulle kant sou wees. Dit het inderdaad dan ook gebeur dat daar, op die druk wat Hitler en Mussolini op die buurvolke uitgeoefen het, in Wenen twee verdrae gesluit is, waarvolgens Hongarye die gebiede wat suiwer Hongaarse bevolkings gehad het, terug sou kry. Die gevolg daarvan was dat groot gedeeltes van Tsjeggo-Slowakye, Roemenië en Joego-Slawië later weer deel van Hongarye geword het (vgl Pamlényi 1973:497 en 511). In 1937 het Kálmán II en sy oom Lászlo 'n fietstoer na Tsjeggo-Slowakye onderneem en al die dorpe in die gedeelte wat aan Hongarye teruggegee is en waar Kálmán II se voorvaders aan moederskant predikante was, besoek. Lászlo het 'n volledige dagboek van die reis gehou en 'n afskrif daarvan is steeds in Kálmán II se besit.

Toe die oorlog amptelik op 22 Junie 1941 tussen Duitsland en Rusland uitbreek, het Hongarye onmiddellik tot die oorlog toetree en op 26 Junie 1941 oorlog teen Rusland verklaar (vgl Pamlényi 1973:517). Hongarye het die volgende dag tussen 35,000 en 40,000 troepe na die Russiese front gestuur, waaronder Kálmán II se oom Lászlo wat nooit weer teruggekeer het nie. Niemand weet waar hy gesneuwel het nie. Kálmán II was toe in sy laaste hoërskooljaar. As skoliere moes hulle op 'n uitkyktoring op die Avasberg agter die skool diens doen. Hulle moes die geskatte spoed en rigting van elke vliegtuig wat oor die gebied gevlieg het rapporteer. Die kinders, veral diegene wat Padvinders was, het dit as 'n groot avontuur beskou, ten spyte van die koue winternagte op die berg.

Kálmán II matrikuleer in die middel van 1942 met Hongaars, Geskiedenis, Latyn, Duits, Natuurwetenskap en Wiskunde as hoofvakke en Dogmatiek en Etiek, Aardrykskunde en Volkekunde, Engels, Filosofie, Biologie en Uitvoerende Kuns as byvakke. Uit 'n Latynse vertaling van sy matrieksertifikaat wat in 1946 opgestel is en waarskynlik aangevra is met die oog op sy latere studie in Nederland, blyk dit dat hy in Dogmatiek en Etiek en Uitvoerende Kuns onderskeidings behaal het, maar 'n hereksamen in Latyn

moes aflê (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Die matriekafskied was in die vorm van 'n ete en dans by 'n warmwaterbron buite Miskolc. Kálmán II was egter nie baie sosiaal nie en hy en 'n vriend het met gewere wat hulle ingesmokkel het in 'n nabygeleë bos na 'n bok gaan soek terwyl die ander fees gevier het.

Toe die 1941/2 skooljaar in Junie 1942 afgesluit het, was die oorlog al ongeveer 'n jaar aan die gang. Mense het kos begin opgaan uit vrees vir moontlike hongersnood en allerhande sluikhandelspraktyke het ontstaan. Die staat het toe ingegryp om toe te sien dat die troepe genoeg voorrade het en sekere dinge begin reguleer (vgl Romsics 1999:207). Prysbeperkings is op meel, brood, vleis, melk, olie en ander produkte geplaas om te voorkom dat pryse die hoogte in skiet. Boere was verplig om hulle koring in te lewer en 'n wet is uitgevaardig wat bepaal het dat alle oeste gekontroleer moes word. Die wet het ook voorgeskryf watter deel van die oes deur 'n boer vir eie gebruik gehou kon word. Dit het afgehang van die grootte van die gesin en die hoeveelheid arbeiders wat in die boer se diens was. Die staat het jong seuns toe as dorsmasjienkontroleurs gebruik en Kálmán II het die geleentheid aangegryp om daarmee 'n bietjie sakgeld te verdien. Hy is in Mezökövesd, 'n dorpie in 'n Rooms-katolieke streek, geplaas - nie baie ver van Miskolc af nie en baie bekend vir die tipiese Hongaarse volksdrag wat daar gemaak is.

Die dorsmasjiene het van plaas tot plaas getrek en die kontroleurs het by die boere tuisgegaan. Dit was die taak van die kontroleur om volledig boek te hou van die aantal sakke koring wat op elke plaas gedors word en dan 'n sertifikaat uit te reik waarin bepaal word hoeveel ingelewer moes word. Geen boer kon begin dors voordat die kontroleur teenwoordig was nie. Alhoewel dit maar 'n vervelige werk was, was dit vir Kálmán II 'n belewenis om van naderby kennis te maak met die plaaslewe in oestyd. Hy is gewoonlik vroegoggend wakker gemaak met 'n glasie *palinka* en twee stukkies brood. Dit was die destydse gebruik van die boere op die platteland. As 'n mens 'n dag met 'n *palinka* begin het, was dit 'n goeie dag. Hulle het mekaar ook dikwels gegroet met die woorde: 'Goeie oggend met *palinka*!' *Palinka* is die Hongaarse versamelnaam vir mampoer. Dit was aanvanklik maar moeilik om gewoond te raak aan al die gebruike en gewoontes van die boere, veral aan die *palinka* op 'n nugter maag, maar Kálmán II het met verloop van tyd wel

daaraan gewoon geraak. Dit is van hom as inspekteur verwag en hy kon as stadsjapie nie terugstaan en toelaat dat die plaasjapies vir hom lag nie. Die voordeel was dat die *palinka* hom 'n goeie eetlus gegee het sodat hy sy ontbyt van gebraaide spek, eiers en varsgebakte brood, wat ongeveer 'n halfuur later bedien is, telkens terdeë kon geniet.

3.2 Studentejare

3.2.1 Eerste fase

Na afloop van die somervakansie van 1942 vertrek Kálmán II na Debrecen vir tersiêre opleiding aan die Graaf Tisza István Universiteit van Debrecen sonder dat hy heeltemal seker was van die rigting wat hy wou inslaan. Bosbou-ingenieurswese en medies was twee van die rigtings wat hy tot op daardie stadium oorweeg het. Voordat hy egter as student ingeskryf het, het hy 'n paar dae by Berta Szent-Királyi en haar aangenome dogter Mariska deurgebring. Tivadar Szent Királyi was toe reeds oorlede. Berta en Mariska het Kálmán II toe aan 'n aantal huisvriende, wat vooraanstaande persone in die gemeenskap was, voorgestel, onder andere aan 'n aantal voormalige professore en vriende van sy vader. Een van hierdie vriende, István Nagy, was getroud met die suster van Kálmán I se kollega Sándor Szoboszlai van Tiszamorós. Kálmán II het verder ook kennis gemaak met die Roomse Biskop wat gereeld by die Szent-Királyi's aan huis gekom het. Hy het hom dikwels by die tremhalte gaan haal en weer terugbegelei nadat hy 'n dag daar gekuier het. Al hierdie mense het die familie Papp goed geken en Kálmán II met groot liefde ontvang. Hulle intense bemoeienis het waarskynlik daartoe bygedra dat hy besluit het om teologie te studeer. Volgens die Hongaarse wetgewing van daardie tyd was alle teologiestudente vrygespreek van militêre diensplig en Kálmán II kon dus, die oorlog ten spyt, dadelik met sy studies begin.

Die Graaf Tisza István Universiteit het sy oorsprong gehad in die Collegium van Debrecen wat aanvanklik slegs predikante en onderwysers opgelei het. Daar was voor die Tweede Wêreldoorlog in elk van die vier kerklike provinsies sulke *kweekskole*, waarvan Debrecen die grootste was.

Tydens die Hervorming het die kerk byna net soveel aandag aan onderwys as aan kerklike aangeleenthede bestee. Protestantse skole en kolleges is oral gestig vir die kinders van Protestante. Die Collegium van Debrecen bestaan reeds sedert 1538 en is selfs ouer as die Universiteit van Utrecht in Nederland. Dit het later uitgebrei tot 'n volwaardige universiteit nadat eers 'n regs- en later ook ander fakulteite bygekom het. Die Universiteit het egter sy Hervormde karakter behou (vgl Szekeres 1958).

Die Collegium het as onderafdeling van die universiteit bly voortbestaan en professore vanweë die Kerk het vakke soos Praktiese Teologie, Kerkmusiek en Kerklike Tug gedoseer. Bybelse wetenskappe, Godsdiensgeskiedenis, Godsdienfenomenologie, Dogmatiek, Etiek, Kerkgeskiedenis en Kerkreg is aan die Universiteit gedoseer - laasgenoemde aan die Fakulteit Regte. Die professore in Bybelse wetenskappe het die grondtale sowel as die eksegetiese hanteer. Die akademiese opleiding het vyf jaar geduur en suksesvolle kandidate het na afloop daarvan 'n diploma ontvang. Die toekenning van grade bestaan in Hongarye net wanneer iemand 'n doktorsgraad verwerf.

Kálmán II se leermeesters te Debrecen was professore Kálmán Kállay (Ou Testamentiese Wetenskap), Károly Erdős (Nuwe Testamentiese Wetenskap), Laszló Pákozdy (Godsdien- en Sendingwetenskap), Zsigmond Varga (Godsdiensgeskiedenis), István Török en Béla Vasady (Sistematiese Teologie), Sándor Makkai (Praktiese Teologie), Béla Soós (Kerkgeskiedenis), Béla Szentpéteri Kun (Kerkreg) en Béla Tankó (Psigologie, Filosofie en Pedagogiek). Kálmán II se geliefde vakke was Ou Testamentiese Wetenskap en Godsdienwetenskap, wat onderskeidelik deur professore Kálmán Kállay en Laszló Pákozdy gedoseer is. Beide was in hulle tyd teoloë van groot aansien. Pákozdy, wat met 'n Duitse vrou getroud was, het aan die Rijksuniversiteit van Utrecht gepromoveer.

Benewens die praktiese opleiding aan die Collegium, moes elke student ook vanaf die eerste studiejaar gedurende die Kers-, Paas- en Pinksterfeeste as *legatus* praktiese opleiding in 'n gemeente ondergaan. Die praktyk van proefpreke het in daardie tyd nie in die Hervormde Kerk van Hongarye bestaan nie. Studente het reeds vanaf hulle eerste studiejaar preekvergunning geniet en is van meet af aan as *eerwaarde heer* aan-

gespreek. Die oogmerk met hierdie besoeke was dat die studente namens die Collegium groete en veral dank vir die gemeente se finansiële steun aan die Collegium moes oordra, kontak met die gemeentes moes behou en praktiese ondervinding moes opdoen. Die student moes tydens so 'n besoek die prediking waarneem en al die kerkraadslede individueel besoek. Hierdie besoeke was nie formele huisbesoek nie, maar eerder 'n kennismaking en kuiergeleentheid waartydens daar oor kerklike en alledaagse sake gesels is. Die *legatus* het by die plaaslike predikant tuisgegaan, met die gevolg dat baie van hulle later met die dogter van die predikant van die gemeente waar hulle hulle *legaatskap* gedoen het, in die huwelik getree het. Dit was die taak van die koster van die gemeente om die *legatus* na elke kerkraadslid se huis te vergesel. Tydens hierdie besoeke aan gemeentes is daar ook vir die student gekollekteer om hom te help met sy studie-uitgawes. Studente kon op grond van senioriteit kies waar hulle hulle *legaatskap* wou gaan doen. 'n Blad met volledige inligting van die vorige jaar se *legasies* is elke jaar onder die studente versprei. Selfs die bedrag wat die gemeente vir die student gekollekteer het, is hierin vermeld. Die senior studente het uit die aard van die saak die beste gemeentes vir hulleself bespreek. Omdat daar meer gemeentes as studente was, het gemeentes nie jaarliks by elke fees 'n *legatus* gehad nie. Dit was nie net teologiestudente wat as *legati* opgetree het nie, maar ook byvoorbeeld onderwysstudente aan Hervormde Universiteite. Selfs hulle is toegelaat om die prediking by 'n middagdiens waar te neem. Die plaaslike predikant moes na afloop van die besoek 'n verslag oor die student se prediking en gedrag aan die universiteit stuur. Hierdie praktiese ondervinding het tot gevolg gehad dat die studente baie beter op die praktyk voorbereid was en nie soveel foute in hulle eerste gemeentes gemaak het nie.

Kálmán II het in sy eerste studiejaar gekies om sy *legaatskap* in sy oorlede vader se gemeente in Mándok te gaan doen. Hy het geoordeel dat dit interessant sou wees om weer 'n keer in sy geboortedorp te kom en bekendes uit sy kinderdae te ontmoet. Aangesien niemand anders Mándok gekies het nie, is hy toe daarheen. Omdat hy die oorlede predikant se seun was, is hy oorlaai met vriendskap, liefde en finansiële gawes, in so 'n mate dat 'n senior student in die daaropvolgende jaar Mándok toe gegaan het.

Na voltooiing van die akademiese opleiding is 'n proponentseksamen deur 'n kerklike kommissie onder voorsitterskap van die biskop afgeneem. 'n Skripsie, waarvan die onderwerp self gekies kon word, moes ook aan hierdie kommissie voorgelê word. Hierop het 'n jaar se verpligte hulppredikerskap in 'n gemeente gevolg, waarna die proponent beroepbaar was. Afgestudeerde studente is in die reël binne die ressort van hulle eie kerklike provinsie beroep. Indien daar nie dadelik 'n beroep ontvang is nie, het die proponent maar as hulppredikant in die gemeente aangebly. Baie proponente het vir jare in 'n gemeente aangebly, soms ter wille van die dogter van die predikant met wie daar intussen 'n verhouding ontstaan het, of in afwagting van die aftrede van die predikant van die gemeente, wie se plek dan ingeneem kon word.

Tydens sy eerste studiejaar het Kálmán II in die koshuis van die Collegium ingewoon. Die kamers het vier tot ses studente gehuisves en daar is aan 'n groot tafel in die middel van die kamer gestudeer. Tydens 'n studiesessie het Kálmán II by geleentheid byna pandemonium veroorsaak. Terwyl hy by die studietafel gesit het, het hy 'n muis opgemerk. Sonder dat hy enige waarskuwing aan sy medestudente gerig het, het hy die muis met sy .22 skyfskietpistool doodgeskiet. Sulke waaghalsige optredes het hulleself later in sy lewe weer voorgedoen, sonder dat hy ooit in die moeilikheid beland het.

Skyfskiet was Kálmán II se mees geliefde sportsoort op hoërskool en hy het dit op universiteit voortgesit. In sy eerste studiejaar het hy ingeskryf vir die nasionale interuniversitêre skyfskietkompetisie. Hierdie kompetisie was so belangrik dat die uitslae daarvan selfs oor die radio uitgesaai is. Kálmán II het egter soveel tyd aan sy voorbereiding vir hierdie kompetisie bestee dat hy nie gereed was om aan die einde van sy eerste studiejaar sy eindeksamens af te lê nie. Hy het op die nippertjie besluit om nie aan die eksamens deel te neem nie en sy medestudente gevra om die professore in kennis te stel dat hy nie teenwoordig sal wees nie. Terwyl die ander studente hulle eksamens gaan aflê het, het hy met sy geweer op die skietbaan gaan oefen. Professor Kállay, wat baie lief vir Kálmán II was, was egter nie gediend met sy optrede nie en het 'n huurmotor gestuur om hom te laat haal. Hy het hom meegedeel dat hy nie 'n jaar kan verloor nie en onderneem om hom in die eksamen by te staan.

Al die professore het gesamentlik ingesit by die eindeksamen wat mondelings afgeneem is. Professor Kállay het sy onderneming gestand gedoen en Kálmán II deur die eksamen gedra. Hy het telkens op 'n baie subtile maar voortreflike wyse die professor wat die vrae gevra het in die rede geval en met een of ander opmerking mislei. Nodeloos om te sê dat hy toe wel sy eksamens met die hulp van professor Kállay geslaag het.

Ook wat die skietkompetisie betref, het sake vir Kálmán II suksesvol afgeloop. Hy het in die kleingeweerafdeling (enkelskoot snelvuurkategorie) deelgeneem, waarin die skut in 'n staande posisie met 'n .22 geweer op 'n afstand van 50 meter binne 10 sekondes 10 enkelskote op 'n mensvormige teiken moes afvuur. Elke skut is van slegs 10 patrone voorsien en indien al 10 nie binne 10 sekondes afgevuur is nie, is hy gediskwalifiseer. Kálmán II het die kompetisie gewen en is bekroon as nasionale interuniversitêre kampioen van Hongarye. Hy het ook in die drieposisionele kategorie en aan die pistoolafdeling deelgeneem en tydens sy studentejare talle medaljes verower, wat ongelukkig tydens die oorlog verlore geraak het. Kálmán II se skietvaardighede het hom later tydens die oorlog waarskynlik sy lewe gespaar en vir hom in Suid-Afrika groot ontsag en bewondering afgedwing.

Aan die einde van Kálmán II se eerste studiejaar het die regering beslag gelê op die geboue van die Collegium aangesien die leër dit benodig het vir huisvesting en kantore. Die teologiestudente is toe oorgeplaas na 'n diakonessehuis. Hierdie huise het aan die begin van die 19de eeu op verskeie plekke in Hongarye ontstaan as gevolg van die werk van die *Deutschsprachige Reformierte Filialgemeinde* van die Hervormde Kerk van Budapest. Hierdie gemeente het in 1859 ontstaan uit immigrante wat in die tyd van die Industriële Rewolusie uit Switserland, Duitsland, Engeland, Skotland en Nederland na Budapest gelok is.

Die direkteur van die diakonessehuis van Debrecen, István Nagy, was 'n studentekollega van Kálmán I. Hy het twee seuns en drie dogters gehad. Sy oudste seun István, wat 'n jaar ouer as Kálmán II was, het ook teologie studeer. Die Nagy-gesin het Kálmán II in hulle midde opgeneem en soos 'n eie kind behandel. Hy het onder meer saam met hulle aan die gesins-tafel in die eetsaal van die diakonessehuis geëet en dikwels by hulle aan huis

gekuier. István (jr) het ook viool gespeel en die dogters klavier. Hulle het gereeld musiekaande gehou en Kálmán II het die band met hierdie gesin as iets besonders beleef. Hy het ook 'n besondere verhouding met die jongste dogter, Katalin, gehad.

Berta Szent-Királyi en Mariska het hulleself intussen nie meer heeltemal veilig gevoel in die middestad van Debrecen nie, die huis daar verkoop en in hulle somerhuis naby die universiteit aan die rand van die stad gaan woon en Kálmán II omgepraat om by hulle te kom bly. Die huis was betreklik groot en hy het oor die gerief van 'n eie slaap-, bad- en studeerkamer beskik. Hier is hy met groot liefde versorg vir die res van sy studentetyd. Mariska het na Berta se dood die Szent-Királyi nalatenskap geërf en dit weer aan die kinders van Kálmán II se suster Katalin laat vererf.

As student was Kálmán II ook goed bevriend met Sárika Irlanda, 'n medestudent in teologie van dieselfde studiejaar. Sy was ook 'n predikantsdogter en Kálmán II se ouers was haar suster se peetouers. Haar moeder was die suster van professor László Pap, die bekende Ou Testamentikus van Budapest wat ook aan die Rijksuniversiteit van Utrecht gepromoveer het. Dit het later geblyk dat sy die verwagting van 'n meer permanente verhouding met hom gekoester het. Die verloop van gebeure as gevolg van die oorlog het dit egter voorkom. Sy is toe met dominee Dezső Karasszon getroud wat professor Kálmán Kállay later in Debrecen as professor in Ou Testamentiese Wetenskap opgevolg het.

Soos op skool, was Kálmán II ook op universiteit nie 'n baie sosiale figuur nie. Hy het nie studentedanse en -feeste bygewoon nie en sy tyd eerder tussen sy boeke, op die skietbaan of in die veld deurgebring. Die oorlog het ook sy stempel op die omvang van studentebedrywighede afgedruk en hy het slegs aan die aktiwiteite van die vereniging vir teologie-studente deelgeneem en in die koor van die Collegium gesing. Hy was ook voorsitter van die universiteit se skietklub.

Kálmán II het tydens sy studentejare as gevolg van 'n baie besige program nie baie kontak met sy moeder, broer en suster gehad nie, en hulle het mekaar maar min gesien. Sy suster Katalin was vir hom byna 'n vreemdeling. Hy het sy verblyf in Debrecen baie geniet onder die sorg van Berta en

Mariska en is deur hulle soos die heer van die huis behandel. Sy broer Zoltán het intussen aan 'n ingenieursuniversiteit in Budapest argitektuur gaan studeer. Kálmán II was tot op daardie stadium van sy lewe nog net een keer in Budapest naamlik vir 'n skietkompetisie.

Vir 'n geruime tyd het dit gelyk asof Duitsland en sy bondgenote die oorlog gaan wen. Admiraal Horthy, wat ook die opperbevelvoerder van die Hongaarse weermag was, het egter met verloop van tyd begin beseef dat Duitsland en sy bondgenote aan die verloorkant was. Toe Russiese magte die Hongaarse grens op 27 Augustus 1944 oorgesteek het, het hy besluit om in die geheim vredesonderhandelinge met Rusland aan te knoop met die doel om uit die oorlog te onttrek. 'n Voorlopige skietstilstand is toe op 11 Oktober met Rusland in Moskou aangegaan. Russiese troepe het die Tiszarivier nog dieselfde dag oorgesteek en beheer oor die stede Szeged en Debrecen oorgeneem. Die Duitsers het egter reeds vroeër verneem van Horthy se voorneme en hulle eie teenmaatreëls getref. Hulle het die bevelvoerder van die mag wat Budapest moes verdedig én Horthy se enigste oorblywende seun, Miklós, reeds op 8 Oktober ontvoer sonder dat Horthy op daardie stadium daarvan bewus was. Horthy het sy magte toe op 15 Oktober oor die radio opdrag gegee om hulle wapens neer te lê sodat die Russe ongehinderd deur die land kon beweeg, net om die volgende dag weer onder druk en in opdrag van Duitsland die bevel te herroep, as staatshoof uit te tree en die nasionaal-sosialistiese leier, Ferenc Szálasi, in opdrag van Hitler as Eerste Minister aan te stel (vgl Romsics 1999:214). Een van Kálmán II se vriende, wat in dié tyd in die artillerie was, het hom vertel dat hulle by die radio-aankondiging van Admiraal Horthy hulle kanonne omgedraai het om die Duitsers te bestook sodat die Russe sonder weerstand deur die land kon trek. 'n Dag later moes hulle die kanonne egter weer omdraai en ander kant toe skiet. Die toestand was op daardie stadium so chaoties dat baie Hongare op die vlug geslaan het of op die platteland en in die berge gaan wegkruip het. Hulle was net nie bereid om hulle aan sulke wisselvallige omstandighede bloot te stel nie.

Kálmán II was nog nie afgestudeer toe die Russiese troepe die Hongaarse grens in Augustus 1944 oorgesteek het nie. Die meeste Hongare

wat gevlug het, het agter die retirerende Duitse troepe aan na die weste gevlug. Dit was vir hulle beter om in die hande van die Amerikaners en Engelse te val as in die hande van die Russe. Kálmán II se moeder en suster het egter nie landuit gevlug nie. Hulle het êrens op die platteland gaan woon omdat dit daar veiliger was as in die stede wat voortdurend gebombardeer is. Berta en Mariska, wat albei toe nie meer so jonk was nie, het egter in Debrecen aangebly en die oorlog oorleef.

3.2.2 Interval

Toe die professore later ook begin vlug het, kon daar nie met lesings voortgegaan word nie en die universiteit moes noodgedwonge in die herfs van 1945 sluit. Omdat Kálmán II voorsitter van die skietklub was en in daardie hoedanigheid verantwoordelik was vir die wapenmagasyn, het hy al die wapens en ammunisie van die skietklub, uitgesonderd dié wat hy vir eie gebruik agtergehou het, in die tuin van die diakonessehuis begrawe en besluit om sy familie in Miskolc te gaan opsoek. Hy en István Nagy, die oudste seun van die direkteur van die diakonessehuis, het toe per fiets van Debrecen na Miskolc gery met net hulle gewere en soveel persoonlike besittings as wat hulle op hulle fietse kon vervoer - 'n afstand van ongeveer 100 km. By tye het hulle aan militêre vragmotors, wat in konvooië weswaarts beweeg het, vasgehou om makliker en vinniger hulle bestemming te kan bereik. István se ouers het ter wille van die veiligheid van hulle dogters besluit om na die weste te vlug en uiteindelik in 'n vlugtelingkamp in Duitsland beland.

Toe Kálmán II in Miskolc aankom moes hy vind dat sy moeder en suster alreeds na die platteland uitgewyk het. Die deel van die stad waar hulle gewoon het is kort tevore ontruim aangesien die spoorwegstasie daar geleë was en dit baie blootgestel was aan lugaanvalle. Waar sy moeder en suster presies heen was, het hy nie geweet nie. Hy het egter wel in Miskolc met sy broer Zoltán en met sy voormalige skoolvriend Gyula Kolláth en dié se familie kontak gemaak. Gyula se vader, 'n skoolhoof, het besluit om saam met sy twee seuns, Gyula en Zoltán en sy dogter, Erzsébet in die bosse van die Bükkberge, ongeveer 50 km van Miskolc af, te gaan skuiling soek totdat

die vegtende troepe verby is. Die rede hiervoor was dat hy bang was dat sy seuns opgeroep sou word vir die stryd teen die Russe en dat sy dogter deur die vyand verkrag sou word. Sy vrou het in Miskolc gebly om die huis op te pas. Kálmán II en sy broer Zoltán het besluit om met hulle saam te gaan en hulle het in Oktober 1945 met 'n perdekar vol voorrade, wapens en ammunisie vertrek. István Nagy, wat saam met Kálmán II per fiets vanaf Debrecen na Miskolc gery het, het besluit om voorlopig in Miskolc agter te bly.

Kolláth het in die Bükkberge kontak gemaak met die bewaarder van 'n plantasie en jagplaas wat aan die adellike Oostenryks-Hongaarse Koburgh familie behoort het en gereël dat hulle in die bosse kon wegkruip totdat die oorlog verby is. Die hut in die plantasie, wat gedurende die jagseisoen deur die Koburghs en hulle gaste gebruik is, was egter beset deur die bosbouingenieur van die Koburghs wat ook daar gaan skuiling soek het. Nadat daar met hierdie mense kennis gemaak is, is die Kolláths, Kálmán II en Zoltán as nuwe vlugtelingte verwelkom en genooi om hulle tuis te maak in 'n klein buitegeboutjie naby die hut. Toe die Duitse en Hongaarse troepe onder druk van die Russe egter begin om deur die berge te retireer, het die bosbouingenieur en sy mense koue voete gekry en by een van die terugtrekkende Duitse afdelings aangesluit. Die Kolláthgeselskap het toe toestemming gekry om die jagtershut te betrek en van al die geriewe gebruik te maak. Dit was goed toegerus en onder andere voorsien van kookgerei en 'n volledige eetservies van egte porselein. Die bosbewaarder, wat 'n entjie daarvandaan gewoon het, het hulle gereeld op hoogte gehou van die jongste nuus oor die oorlog. Hy het hulle by geleentheid gewaarsku om veral op die uitkyk te wees vir Hongaarse troepe wat sou kon dink dat hulle drosters was. Berigte is ontvang dat die Hongaarse troepe nie daarvoor teruggedeins het om drosters summier dood te skiet nie.

Omdat Kolláth bang was dat die melkkoei wat hy in 'n klein dorpie naby Miskolc aangehou het deur die aankomende Russe geslag sou word, het hy die twee Zoltán's gestuur om die koei te gaan haal. Dit het die twee jong seuns byna 'n week geneem om die koei deur die bosse na die jagtershut toe aan te jaag. Die moeite is egter dubbel en dwars beloon deur die melk wat hulle gekry het.

By geleentheid het 'n groep Duitse soldate op die Kolláthgeselskap afgekom. Kolláth, wat 'n bosbewaarder tipe uniform gedra het, het homself voorgedoen as die man wat in bevel van die bos was. Die Duitsers het dit geglo en hulle baie vriendelik behandel. Die offisier het selfs netjies Kolláth se toestemming gevra om 'n takbok te mag skiet. In ruil daarvoor het die Duitsers vir hulle brood, sigarette en sjokolade gegee - luukshede wat op daardie tydstip uiters skaars was.

Die winter het sy tol begin eis. As gevolg van die reën, sneeu en modder het Kálmán II se skistewels só nat geword dat hy dit nie meer kon dra nie. Hy het dit toe een nag voor die kaggel gesit om droog te word, maar moes die volgende oggend tot sy ontsteltenis ontdek dat dit kliphard geword het. Hy het dit klaarblyklik te naby aan die vuur gesit en die sole het gekraak. Hy is toe na 'n nabygeleë kolebrandersdorpie toe waar houtskool vervaardig is, op soek na 'n skoenmaker. Sy soektog was suksesvol, maar die skoenmaker was slegs bereid om sy stewels te herstel teen betaling in goud of vir 80 kg broodmeel. Goud het hulle nie gehad nie en hulle was nie bereid om van hulle kosbare meel afstand te doen en dalk van die honger om te kom nie. Kálmán II het toe gedurende die nag 'n leerband van 'n trekperd by 'n groep Duitse soldate wat in die bos oornag het, vasgelê - uit die aard van die saak 'n lewensgevaarlike onderneming. Hy het toe eiehandig sy stewels versool met 'n lees en spykers wat hy met sy knipmes uit hout gemaak het, en vir maande daarna nog goeie gebruik daarvan gehad.

Voedsel en ander voorrade het ook met verloop van tyd begin opraak en groot uitdagings gestel aan die geselskap se kreatiwiteit om hierdie uiters moeilike omstandighede die hoof te bied. Toe hulle lampolie en kerse opraak, het hulle self kerse vervaardig van diervet en garing wat hulle uit die matrasse van die jagtershut gehaal het. Die vorms is met die hand uit hout gesny. Slegs aan vleis het hulle nie 'n tekort gehad nie. Hulle het gereeld gaan jag en die wildkarkasse, nadat die lewer en niertjies verwyder is, opgesny en op verskillende plekke aan bome opgehang waar dit kliphard gevries het. Daar was gelukkig nie bere of aasvoëls in die omgewing nie. 'n Kaart is aangelê wat presies aangedui het waar daar vleis opgehang was en wanneer hulle daarvan nodig gehad het, het hulle dit gaan haal.

Toe die melkkoei se voer opgebraak het, het sy opgedroog en moes daar 'n plan beraam word. Russiese troepe is ook in die omgewing gewaar en die koei se lewe was in gevaar. Kolláth het die bosbewaarder toe oortuig dat hy sy vark kwyt gaan wees as die Russe daarop sou afkom en dat dit beter sou wees om van die koei en die vark wors te maak. So gesê, so gedaan. Die deel van die wors wat die Kolláthgeselskap toegeval het, is in 'n boom naby die jagtershut opgehang. Op 'n dag moes hulle egter tot hulle ontsteltenis ontdek dat die wors weg was. Hulle ondersoek het aan die lig gebring dat iemand wat 'n oproep van moeder natuur onder dié spesifieke boom beantwoord het, die wors gewaar en alles gesteel het.

Met verloop van tyd het die oorlogsfront al hoe meer weswaarts beweeg. Die beweging van troepe het afgeneem en dit het relatief stil geword in die berge. Slegs klein groepies Russiese en Roemeense soldate wat moeg was vir die oorlog en van hulle afdelings gedros het, het van tyd tot tyd deur die berge beweeg. Hulle het oorleef deur boere en bosbewaarders in die omgewing te stroop van noodsaaklike lewensmiddele en in dié proses die ergste gruweldade gepleeg. Sommiges se huise is aan die brand gesteek en ander se vrouens is verkrag.

In die middel van 'n spesifieke nag het die vrou van die bosbewaarder paniekerig aan die deur van die jagtershut kom klop en angstig vertel hoedat 'n groepie Russiese soldate haar wou aanrand, maar dat sy daarin geslaag het om deur die venster van hulle huis te ontsnap. Kolláth het haar en Erzsébet toe weggesteek in 'n skuilplek wat hulle naby die jagtershut opgerig het. Die dubbelmure van die skuiling is met boomstompe gebou vir veiligheid en isolasie, en wapens en ander kosbaarhede is terselfdertyd in die mure versteek. Die skuiling was baie goed gekamoefleer en die vroue het vir ongeveer twee weke daar gebly. Hulle was verbied om uit te kom of vuur te maak en kos en ander noodsaaklike items is vir hulle gebring. Gelukkig het die Russe gou weer vertrek nadat hulle al die bosbewaarder se drank opgedrink en sy kos opgeëet het. Nadat die geluid van die kanonne en gewere afgeneem en bewegings in die bos verminder het, is die vroue toegelaat om na die jagtershut terug te keer.

Toe berig ontvang is dat die laerskole in Miskolc weer met onderrig

begin het, het Kolláth besluit om saam met Zoltán en Erzsébet terug te gaan na Miskolc om sy werk te hervat en te gaan vasstel of die familie die oorlog oorleef het. Kálmán II se broer Zoltán het met hulle saamgegaan, maar hyself en Gyula het in die berge agtergebly omdat die universiteite nog gesluit was.

Kort na hulle vertrek het die bosbewaarder berig dat daar weer 'n groepie Russe in die omgewing was wat geroof en gemoor het. Hy het Kálmán II en Gyula gewaarsku om op hulle hoede te wees. Vier Russe het toe inderdaad een nag onverwags by die jagtershut opgedaag en met hulle gewere aan die deur gestamp. Nadat die deur vir hulle oopgemaak is het drie van hulle ingekom. Daar kon egter nie met hulle gekommunikeer word nie aangesien hulle nie Hongaars, en Kálmán II en Gyula nie Russies magtig was nie. Gevolglik kon die intensie van die Russe se besoek nie bepaal word nie. Omdat hulle egter aggressief voorgekom het, het Kálmán II en Gyula, net nadat 'n vierde soldaat die huis betree het, elkeen twee van die Russe met pistole, wat Kálmán II en Gyula permanent by hulle gedra het, doodgeskiet. Hulle kon dit onder die omstandighede net nie waag om enige risiko's te loop nie. Hierdie Russe was vermoedelik deel van 'n groep wat 'n naburige bosbewaarder se huis aan die brand gestee en sy vrou verkrag het.

Hier moet in gedagte gehou word dat Kálmán II en Gyula uitstekende skuts was en dat hulle tot die tande toe bewapen was. Die retirerende Duitse troepe het in hulle haas om van die Russe weg te kom, enorme hoeveelhede wapens en ammunisie in die plantasies agtergelaat, selfs 'n aantal kaste handgranate en dinamietstokke. Ook die Russe het soms wapens agtergelaat. Kálmán II en Gyula het daarvan buitgemaak en ook benut wanneer hulle dit nodig gehad het. Hulle het selfs met die Russiese gewere probeer skyfskiet, maar dit was nie baie akkuraat nie. Kálmán II het egter wel sy eerste reebok met 'n semi-outomatiese Russiese geweer geskiet. Aan die einde van die oorlog het hulle die handgranate sommer vir die plesier gegooi en baie pret daarmee gehad.

Die bosbewaarder is dadelik in kennis gestel dat die Russe uitgewis is, en op sy aanbeveling en met sy hulp is daar van die lyke ontslae geraak deur hulle in 'n puttoilet buitekant die hut te gooi. Dit sou 'n geweldige werk wees om hulle in die klipharde grond te begrawe.

In Miskolc het daar intussen 'n geweldige hongersnood ontstaan. Kort na die voorval met die Russe het Kálmán II se broer Zoltán van Miskolc af gekom om vleis te kom haal vir die familie. Nadat hy 'n rukkie by Kálmán II gekuier het, is hy te voet daar weg met 'n rugsak vol gevriesde vleis en 'n houer vol vars lewer. Dit was 'n hele dag se stap na Miskolc. Onderweg daarheen is hy egter deur die Hongaarse Volkspolisie gevange geneem en moes hy erken dat die geselskap hulle in die berge bevind en daar gejag het. Die polisie het, sonder dat Kálmán II en Gyula dit enigsins te wagte kon wees of hulle daarop kon voorberei, 'n ekspedisie gestuur om hulle te arresteer.

Die gebeure het toe min of meer as volg verloop: Gyula was vir 'n dag êrens heen en Kálmán II het alleen by die jagtershut agtergebly. Na 'n rukkie het hy verveeld geraak en besluit om by die bosbewaarder te gaan kuier. Met 'n Mausergeweer op die rug en 'n Mauserpistool in sy baadjie se binnesak het hy na die bosbewaarder se huis geski. Terwyl hulle laat dié aand in die voorkamer gesit en kaart speel het, het hulle 'n perdeslee voor die huis hoor stilhou. Vier Hongare in siviele drag het afgeklim en is binne genooi. Op Kálmán II se navraag na die rede vir hulle besoek is hy meegedeel dat hulle van die Hongaarse Volkspolisie was en dat hulle na hom en Gyula op soek is. Die Hongare was gewapen, maar het hulle gewere neergesit nadat hulle ingenooi was. Toe Kálmán II na die rede verneem waarom hulle gesoek word, het die polisie hom meegedeel dat hulle onwettig in besit van wapens was en onwettig gejag het, en dat die polisie opdrag gehad om hulle in hegtenis te neem. Kálmán II het hulle egter omgepraat om eers 'n bietjie te rus en iets saam met hulle te geniet. Dit sou hom die geleentheid bied om 'n plan te beraam om uit die penarie te kom. In die loop van hulle kuiertjie het hy hulle elke nou en dan sigarette aangebied wat hy in die binnesak van sy baadjie gehad het. Op 'n spesifieke oomblik het hy egter skielik sy pistool uit sy baadjiesak tevoorskyn gehaal en hulle beveel om doodstil te bly sit. Hulle het groot geskrik en hom benoud aangestaar. Hy het toe vasgestel dat hulle alles van hom af weet en afgelei dat hulle sy broer gevang het. Nadat hy hulle weer gewaarsku het om nie na hulle wapens te probeer gryp nie en hulle meegedeel het dat hy beslis nie met hulle sal saamgaan nie, het hy hulle voor 'n keuse gestel: óf hy skiet hulle almal dood,

óf hy laai hulle slee vol vleis, wapens, ammunisie en velle en hulle gaan sonder hom lewendig terug na waar hulle vandaan kom. Hulle het uit die aard van die omstandighede gepleit dat hy hulle nie moes skiet nie en gesê dat hulle in vrede gekom het en nie enige bloedvergieting wil hê nie.

Toe het Kálmán II iets gedoen waaroor hy vandag nog verbaas is. Hy het agtergekom dat die Hongare sonder bese motiewe was en maar net 'n opdrag kom uitvoer het. Hy het hulle toe meegedeel dat hulle presies weet wie en wat hy is, dat hulle hom gevolglik op sy woord kon neem en dat hy hulle ook as mense wie se woord iets werd is, wil behandel. Op sy vraag of een van hulle dalk 'n rewolwer of pistool in die sak gehad het wat hy nie kon sien nie, het hulle negatief geantwoord. Hy het toe vir hulle gesê dat hy wil aanvaar dat hy hulle kan vertrou, en daarop sy pistool vir een van hulle gegooi. Dit het hulle laat beseft dat hulle nie met 'n skurk te doen het nie. Hulle het toe ontspan en saam met Kálmán II en die bosbewaarder 'n glasie gedrink en iets geëet. Tydens die gesprek het hulle erken dat hulle sy broer gevang het en dat hy in die selle van die polisiestasie te Lillafüred aan die voet van die berge aangehou word. Daarna het hulle saam met Kálmán II na die jagtershut gegaan waar hy vir hulle net soveel gewere as wat hulle wou hê, gegee het. Nadat hulle die slee vol vleis gelaai het, het hulle vertrek met die opdrag dat hulle die bevelvoerder moes aansê om sy broer die volgende oggend los te laat. Indien dit nie sou gebeur nie, en hy sou beslis vasstel of dit gedoen is, sou hulle lewens vorentoe nie 'n sent werd wees nie.

Kálmán II het toe 'n paar goedjies ingepak en vroeg die volgende oggend ook na Lillafüred vertrek. Hy het nie geweet wat die reaksie van die bevelvoerder sou wees nie en wou nie die volgende dag deur 'n oormag polisiemanne verras word nie. Hy wou ook seker maak dat sy broer wel vrygelaat word.

Beide die bevelvoerder en Zoltán het intussen bekommerd begin raak omdat die vier Hongare nie met Kálmán II en Gyula as gevangenes teruggekeer het nie. Zoltán het die bevelvoerder ook ingelig met wie hulle werklik te doen gehad het, naamlik dat Kálmán II 'n nasionale skietkampioen was wat die polisiemanne waarskynlik baie maklik om die lewe sou kon bring indien hulle sou probeer om hom in hegtenis te neem. Hy het die bevel-

voerder duidelik laat verstaan dat Kálmán II beslis in staat was om ses mense in minder as ses sekondes doodskote toe te dien. Die bevelvoerder, wat toe geblyk het om 'n beskaafde en simpatieke mens te wees, het baie beangs geword en begin bid dat daar tog nie iets moet skeefloop nie. Die verligting was groot toe hulle uiteindelik almal ongeskonde met hulle pragtige buit veilig by die polisiestase aangekom het. Hy het Zoltán toe dadelik vrygelaat. Nadat Kálmán II vasgestel het dat Zoltán vrygelaat is, het hy die haas ongelooflike gedoen. Hy het by die polisiestase gaan aanklop en die bevelvoerder gaan bedank omdat hy sy broer losgelaat en so menslik opgetree het. Daarna is hy weer terug na die Bökkberge toe.

3.2.3 Tweede fase

Kort na hierdie gebeure het Kálmán II verneem dat die teologiese opleiding in Debrecen weer hervat het en hy is in Augustus 1946 terug daarheen om met sy studie voort te gaan, na 'n verblyf van agt maande in die berge. Dit was gedurende hierdie tyd dat hy sy eerste kamera aangeskaf het - 'n Russiese Leica wat deur 'n Hongaarse soldaat uit Rusland saamgebring is. Fotografie sou later sy mees geliefde stokperdjie word.

Aangesien Kálmán II eerder 'n akademiese loopbaan wou volg as om gemeentepredikant te word en daar nie 'n gemeente was wat op hom gewag het nie, het hy besluit om 'n aanbod van 'n nagraadse beurs van die Rijksuniversiteit van Utrecht, die *Stipendium Bernardinum*, met dankbaarheid te aanvaar. Dit was vir hom 'n groot eer om deur sy leermeester, professor Kálmán Kállay, vir hierdie beurs aanbeveel te word en hy het die geleentheid met albei hande aangegryp. Na afloop van sy studie in die buiteland sou die geleentheid vir gemeentelike bediening in Hongarye in elk geval nog steeds vir hom 'n moontlikheid wees. Die beurs was vir 'n termyn van drie jaar en vier van sy studentekollegas, János Kerekes, Ernő Kuhinka, István Tüski en Sándor Varga, het dit ook ontvang.

Die *Stipendium Bernardinum* het 'n baie interessante oorsprong. Daniël Bernard, 'n Nederlander van Duitse afkoms wat baie ryk geword het in die Nederlandse koloniale gebiede, het in 1761 'n bedrag van 9,000 Pond Sterling aan die Universiteit van Utrecht geskenk. Die doel van die skenking

was om uit die jaarlikse rente-opbrengs daarvan by te dra tot die studie-uitgawes van twaalf Duitse of Hongaarse teologies studente. Hierdie skenking is verbind aan 'n historiese gebeurtenis. Terwyl die Nederlandse Admiraal Michiel Adriaanszoon de Ruyter in 1675 in die Middellandse See was om die Spanjaarde teen die Franse vloot te ondersteun, het die *Staten-Generaal* van Nederland hom opdrag gegee om die lot van 41 Hervormde en Lutherse predikante te ondersoek wat in Hongarye deur die Habsburgers gevange geneem en na Napels weggevoer is omdat hulle geweier het om die Roomse geloof aan te neem en hulle ampte neer te lê. Napels was destyds deel van die Spaanse koninkryk. Die gevange predikante het op Spaanse galeiskepe, in boeie, slawe-arbeid verrig en baie lyding verduur. Uit baie dele van Europa het protes opgeklink teen hulle gevangenskap en mishandeling.

Admiraal de Ruyter is aanvanklik vir ses maande na die Middellandse See gestuur en het op die punt gestaan om na Nederland terug te keer. Die bevelvoerder van die Spaanse vloot, prins De Montesarchio, is op daardie stadium ernstig deur die Franse vloot bedreig en het De Ruyter se hulp dringend nodig gehad. Hy het op allerhande maniere probeer om De Ruyter daar te hou en hom gesmeek om ten minste eers na Napels te vaar. De Ruyter het ingewillig, op voorwaarde dat die gevange Hongaarse predikante deur die onderkoning van Napels, die markies De Los Vallez, vrygelaat word. Net 26 van die Hongaarse predikante het dit egter oorleef en hulle het, ná hulle vrylating, na Switserland en Nederland uitgewyk.

Uit dankbaarheid teenoor De Ruyter is daar in 1895 tussen die *Groot Kerk* en Collegium in Debrecen 'n standbeeld vir hom opgerig. Die name van al die Hongaarse predikante is op die voetstuk van die standbeeld uitgegraweer, met die teks uit I Timoteus 4:7: "Ek het die goeie wedloop afgelê; ek het die wenstreep bereik; ek het gelowig enduit volgehou". Dieselfde teks verskyn ook op die grafsteen van Kálmán I. Sedertdien kom die teologiese studente van Debrecen jaarliks op Hervormingsdag by die standbeeld bymekaar om die bevryding te herdenk en kranse te lê onder die geklank van 'n spesiale klok in die *Groot Kerk*. In Nederland doen die Hongaarse teoloë dieselfde by die graf van De Ruyter langs die *Nieuwe Kerk* in Amsterdam. Met die 300-jarige herdenking van dié gebeurtenis in 1976, is 'n gedenkdiens

deur Hervormde Hongare en Nederlanders in die kerkgebou van die Nederlandssprekende gemeente van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in Johannesburg gehou. Hierdie erediens is gesamentlik deur Kálmán II en dominee F Houwert gelei (vgl Papp, K 1991:67).

Net voordat Kálmán II Hongarye verlaat het, het hy gedurende die Kerstyd van 1946 weer in Mándok, die laaste gemeente waar sy vader gedien het, as *legatus* opgetree. Na afloop van een van die eredienste, het 'n vrou na hom toe gekom en gevra of hy haar nog kan onthou. Omdat hy al byna tien jaar uit Mándok weg was het hy haar nie dadelik herken nie, maar toe sy die litteken aan haar wang aan hom wys het hy dadelik besef dat sy die huisbediende was wat hy in sy laerskooljare met 'n pyl deur die wang geskiet het.

Na die oorlog het daar groot spanning tussen kerk en staat in Hongarye ontstaan. Die Kommunistiese Party het met Russiese steun die opposisie op allerhande maniere probeer vernietig. In die eerste verkiesing ná die oorlog het die Kommunistiese Party, wat voor die oorlog 'n verbode party in Hongarye was, slegs 13% van die stemme op hom verenig. Dit was vir die Kommuniste 'n groot terugslag. Ten spyte van die feit dat die Russe nog in Hongarye was, kon die Kommunistiese Party nie hulle beleid deurvoer nie. Allerhande sogenaamde sameswerings is toe ontdek om die ander partye in diskrediet te bring. Hulle het orals skuldiges van die vorige regime gaan uitkrap en hulle leiers as volksvreemdes en verraaiers uitgebeeld.

Ook op die kerk is daar groot druk uitgeoefen. Die Kommuniste het die magte van die Minister van Opvoeding en Godsdiens só uitgebrei dat hy volle insae in alle kerklike aangeleenthede verkry het en groot invloed en mag op die kerke kon uitoefen. Hy het byvoorbeeld die bevoegdheid gehad om professore en biskoppe af te sit en mense wat in sy pad was, te verplaas.

Een van die grootste turksvye vir die nuwe regering was die onderwyskwessie. Die meerderheid skole in Hongarye was kerkskole, veral die kloosterskole van die Rooms-katolieke Kerk, maar ook 'n aansienlike aantal skole wat onder beheer van die Hervormde Kerk gestaan het. Die regering het gepoog om sy stempel op die skole af te druk en die skoolonderrig na sy sin te vorm. Hulle het alle kerkskole toe ontbind. Toe dít gebeur, het

Kardinaal Mindszenty van die Rooms-katolieke Kerk alle Roomse onderwysers verbied om in staatskole onderrig te gee. Hulle is selfs met die kerklike ban gedreig. Die regering het egter daarop geantwoord met sy arrestasie, waarteen die hele wêreld in opstand gekom het.

3.2.4 Vertrek na Nederland

Die reiskoste van die beurshouers van die Stipendium Bernardinum is gedra deur 'n spesiale fonds van die voorlopige Wêreldraad van Kerke, wat *in principe* in 1938 in Utrecht opgerig is en later formeel in 1948 in Amsterdam gestig is (vgl Golterman 1956:45-47). Die fonds het in Hongarye onder die administrasie gestaan van professor László Pap en hy was verantwoordelik vir alle reëlings rondom hulle reisdokumente en -uitgawes. Toe die regering ook op hom druk begin uitoefen het oor allerhande kerklike en politieke aangeleenthede, het professor László Pap die reëlings rondom die studente se vertrek na Nederland bespoedig, ten spyte van die feit dat hulle nog een van die termynne van hulle kursus moes voltooi. Hulle sou aanvanklik per spoor reis, maar toe die druk op hom onhoudbaar begin word het, het hy uit vrees dat hy binnekort nie meer daartoe in staat sou wees om hulle te help nie, hulle laat weet dat hulle per vliegtuig via Praag na Amsterdam sou vlieg. Sy voorgevoel was reg, want hy is inderdaad later deur die Minister van Opvoeding en Godsdiens as hulpprediker na 'n klein plattelandse gemeente verplaas. Kálmán II en sy kollegas is toe op 19 Januarie 1947 landuit sonder dat hulle eers die geleentheid gehad het om hulle geliefdes te groet. Hulle kon nie hulle kursus voltooi, hulle proponentseksamen aflê, of hulle praktiese jaar in 'n gemeente doen nie. In Praag moes hulle twee nagte oorbly in afwagting op 'n aansluitingsvlug. Op 21 Januarie vertrek hulle vanuit Tsjeggo-Slowakye na Nederland (vgl paspoort van Kálmán II in NHK Argief K2 5/4 Deel 3).

Kort ná hulle vertrek het Kálmán II se vriend, Gyula Kolláth, wat saam met hom in die Bükkerberge was, in die moeilikheid beland. Niemand weet presies wat hy gedoen het nie, maar daar word vermoed dat hy by anti-regeringsaksies betrokke geraak het. Terwyl hy 'n voortvlugtige was het hy op die polisie geskiet. Hy is kort daarna in hegtenis geneem en summier opge-

hang. Die blote besit van 'n vuurwapen het in daardie tyd reeds die doodstraf regverdig. Gyula se suster Erzsébet het Kálmán II per brief in Nederland in kennis gestel van hierdie tragiese gebeure en dit het hom diep getref.

Daar word afgelei dat Gyula vir sy vader vertel het dat hy en Kálmán II die vier Russe in die berge om die lewe gebring het. Verder word daar ook vermoed dat Gyula se vader dit, waarskynlik om te kompenseer vir die feit dat sy seun deur die Kommuniste opgehang is, met 'n redelike mate van trots oorvertel het. Nadat die voorval van Kálmán II, Gyula en die vier Russe onder die aandag van die owerhede gekom het, is daar met 'n amptelike ondersoek begin. Na aanleiding daarvan is Kálmán II se broer Zoltán, die bosbewaarder en die Kolláths gevange geneem en in die tronk gestop. Zoltán was vyf maande in die tronk en dit het hom amper sy lewe gekos, aangesien hy daar onder andere met tuberkulose besmet geraak het. Dit het tot gevolg gehad dat hy as gevolg van swakheid van studierigting moes verander, aangesien studie in argitektuur, en ook die beroep self, te hoë fisiese eise aan hom sou stel. Hy het hom toe bekwaam in die ekonomiese wetenskappe en later 'n doktorsgraad in Ekonomie verwerf. Kolláth en sy oorblywende twee kinders het ná hulle vrylating na Praag uitgewyk, vanwaar Erzsébet nog met Kálmán II in Nederland gekorrespondeer het.